

NORTH WEST NORTH WEST CHAMPIONSHIPS

1 - 2 FEBRUARY

BY NICO ERASMUS

Anders as ander jare het ons besluit om meer van Pilot judging gebruik te maak, en om die volgende redes :

- 1) Dit sal goedkoper wees en dus die inskrywings gelde laer hou.
- 2) Die Pilots 'n ander insig gee in die skedules, en , hoop ek, hulle eie vlieg verbeter.

Omdat die ekonomie maar druk, en dit is die jaar nuwe skedules, en dis kort na die Desember vakansie en reën word voorspel, was ons by KRF. maar redelik bekommerd of ons genoeg inskrywings gaan kry, maar ek is verheug om te sê dat 17 Pilots ingeskryf het, en net John Brink moes om gesondheids rede ontrek.

Vrydag was dit reënerig en my moed was maar swaar, maar dit het onmiddelik gewyk toe ek by die veld kom en sien omtrent almal is al hier, selfs Danie en Burt met hulle woonwa en Mathys met sy tent, sommer so onder die afdak. Daar was 'n gees van opgewondenheid en almal het uitgesien na die naweek.

“NA DIE MASTERS IN OKTOBER HET DIE NW SO VERGELYK, MAAR VOOR ONS ONS KON KRY WAS DIT OP ONS EN VERBY.”



NORTH WEST NORTH WEST CHAMPIONSHIPS

1 - 2 FEBRUARY



Saterdag 08h00 was die Pilots briefing en 08h30 het ons begin met die Intermediate klas, waar ongelukkig net twee Klerksdorpers in deelgeneem het, wonder waar die ander provinsies was? Hugo en Sebastiano het mekaar goed opgekuil, en dit was op die ou einde Sebas wat met 'n kortkop gewen het. In die Advanced klas was ons weer twee Klerksdorpers, een Gautenger en 'n Nataler wat die stryd aangesê het met die jongheer Michael wat stof in die ander se oë geskop het en 'n taal stryd tussen Arthur en Nico. Die eind resultaat was toe Michael eerste, Hadri tweede Nico derde en Arthur vierde. By die groot manne in die Mastersklas was die stryd nog groter, want 'n paar eks F3A manne het besluit om af te gradeer na Masters. Op die ou einde het Danie gewen met Burt tweede, Max derde, Mathys vierde en Frik vyfde. Met die F3A het die dinge nog stywer gegaan, want hier was 'n paar jong Turke wat die meester wou uit lig uit sy nr. Een posisie, maar soos die eindresultaat aantoon moet hulle nog bietjie gaan oefen. Voor die begin van die derde ronde en die F skedule het Clinton en Grant eers deurmiddel van 'n hand model die skedule aan die Judges en Pilots gedemonstreer, en was dit nie vir hulle moeite in die verband nie sou ten minste een pilot, waarvan ek weet, tenminste een van die bewegings verkeerd gevlieg het. Ek hoop almal waardeer wat die twee manne vir ons sport doen, vir die tyd en moeite wat hulle insit. Ek moet ook byvoeg dat hulle demonstrasie geweldig vir ons Judges gehelp het, veral ons groentjie Judges. Die eindresultaat was toe Andre eerste, Roston tweede, Clinton derde, Calvin vierde en Grant vyfde.

Ek moet darem ook byvoeg dat die KRF. ouens ook lekker kan kuier soos die ander provinsies Saterdag aand agterna agter gekom het. Ek het selfs een hoor sê dat hy vrek jaloers is op ons omdat ons so gesellig kan kuier sonder dat daar oneenigheid is.

Ons sien uit daar na om nog meer van die ander klubs met die Leaque in Maart hier te ontvang.

Pilot	Rd1	Rd2	Rd3	Rd4	Norm	%
INTERMEDIATE						
1 Sebastian Sacca	55.96	50.71	59.29	51.17	2954	57.47
2 Hugo Erasmus	50.40	53.13	55.25	61.01	2932	56.46
ADVANCED						
1 Michael Sacca	63.12	64.42	66.88	64.13	3000	65.14
2 Hadri Lombaard	62.54	62.39	62.03	63.77	2954	62.90
3 Nico Erasmus	60.72	60.43	58.91	60.22	2839	60.46
4 Arthur Eggar	59.06	59.13	62.25	58.84	2784	60.14
MASTERS						
1 Danie Potgieter	70.39	70.39	67.28	70.56	3000	70.44
2 Burt Botha	57.50	61.22	57.56	61.83	2602	60.20
3 Max Buizer	57.94	61.39	50.61	0.00	2448	56.65
4 Mathys Botha	56.78	57.78	52.94	57.00	2435	57.19
5 Frik de Beer	52.44	54.44	51.06	55.94	2325	54.28
F3A						
	P	P	F	F		
1 Andre Stockwell	74.39	75.00	66.95	68.71	3000	72.70
2 Roston Dugmore	70.61	71.00	64.38	69.33	2911	70.31
3 Clinton Carter-Brown	64.00	66.83	62.48	65.29	2766	65.37
4 Calvin Schroll	68.50	71.00	58.62	58.62	2759	66.39
5 Grant Brook	60.94	68.33	61.24	62.52	2728	64.03

